

L'EMPIRE CONTRE-ÉCRIT

33^{ES} ASSISES DE LA TRADUCTION LITTÉRAIRE À ARLES

11-12-13 NOV 2016

© Lea Lund & Erik K

DIMANCHE 13 NOV 2016 | 9H > 11H

ATELIER DE TRADUCTION

Afrikaans

PIERRE-MARIE FINKELSTEIN

Brief uit die kolonies de Marius Crous

Chaque jour sans tomber de Ronelda Kamfer

Chokers en Survivors de Nathan Trantraal

indruk

die plaaslike barbare hurk heeldag
teen die sonwit mure
werk – nes god en sy leringe
die alfabet
basiese rekenkunde
die higiëne van stoelgang
die toeknoop van 'n bloes
die plooiing van 'n broek
skoenveters –
vir hul oneindig vreemd
ook bakhand staan
voor elke vreemdeling wat verbykom

snags slaap mense oopoog
teen die oë wat begerig loer
deur hul ruite

goeie meisies

goeie meisies join nie gangs nie
hulle raakie pregnant op dertien nie
hulle dra nie tjappies nie
hulle roekie weed nie
hulle tik nie
hulle djol nie saam met onderwysers nie
hulle speen nie saam met taxi drivers nie
hulle werk nie vir Shoprite nie
hulle is nie die cleaners nie
goeie meisies bly nie oppie Cape Flats nie

15 11 28 18 3 29 bonus: 48

My oupa vra of ekkie lottonommies wiet.
Ek sê: “Nuu Derra, ek gan gou ytvín.”
en stap in kombys toe om vi my ma te vra,
maa dan soc halfway stop ek myself
en dink virre second
my oupa lê elke dag virric laaste tien jaa
in sy donke hockie in sy donke kame,
soes Gregor Samsa.
Hyt sieke twaalf jaa geliede gebad.
Ek onthou wannit wasse moerse battle
en hyt ampe my ma se oeg ygekrap
met sy vyl naels wat hy twintag jaa geliede geknip et.
Hyt my antie innie nek gekrap
ennit het twie dae later septic geraak.

Ôs bly hie in my oupa se hys en hy haat ôs ammel.

Hy skrie heeldag yt sy kame
hy haat ôs en ôs moet yt sy hys yt fokof.
Ek et giste my music had gespeel
toe skrie hy die heeldyd vi my:
“Ek haat jou, ek haat jou!
Ek sê jou moet, ek mean jou moet.
Ek sê in die naam van God jou moet.”

Hy was gesyp, maa vandag is hy nigte
en hy willie lottonommies wiet.

My oupa lê elke dag in sy kooi
en as jy vi hom kos bring
dan sit hy die bôre onne sy kopkissing.
As jy wec kó meet, dan lê Derra
met drie bôre kos onne sy kop.

Hy pis inne Frisco-blik of inne koppie.

Ôs het nou ygeffigure
dat ôs vi hom sy eie koppie moet designate
wan hy pis somme in ammel se koppies
en dan gooi hyrit yt en sê vi jou
jy moet vi hom tea maak.

As my oudste suste se boyfriend daa kom
dan jump Derra ytie kooi yt en sprint na hulle
met sy bal wat byte hang.

Dan skel hy eeste vi twee iere
ampe soese baby wat hyl vi aandag
en skrie heeldyd vi Wanie,
my suste se slamse boyfriend:
“Ek et nog nooit ’n vark gehaatic,
maa ek haat dié vark.”
Dan ghal hy oppie vloec.

My antie wat oek ha bly
met haa twee kinnes, Bronwyn en Nikita,
maak heeldag gat van Derra,
sê vi hom hy isse spoiled brat enne spoilsport
dan sê hy vi haa syse jintoe
en hy sê vi Bronwyn hys ’n hoerkind
wattie sy pa ken nie.

Ek staan en dink allie kak en dan wonne ek:
Hoekó speel Derra lotto,
hys ampe nientag en hy haat al sy kinnes en kleinkinnes.
Hy lê heeldag inne kame sône ligte,
met sy vel wat op hom hang soese leerbaadjie.
Hyt emphysema en hys ampe dood.

As hy ninety million wen, wat gan hy mettie gel doen?
Hy gan ninety million ran se wyn koop,
sy gat lekke dronk syp
en ôs ammel se ma se poes vloek.

Brightly beams

*Brightly beams our Father's mercy from His lighthouse evermore,
But to us He gives the keeping of the lights along the shore.
Let the lower lights be burning! Send a gleam across the wave!
Some poor struggling, sinking seaman you may rescue, you may save.*

As my oupa dronk was
wil hy altyd by ôs gewiet et wie ôs was
en wat de fok ôs in sy hys maak
Maa as hy rêrag gesyp was
dan het hy in sy kame gelê
en dan sing hy "Brightly beams our Father's mercy"
dattie hele pad kan hoo

Toe hy jonk was het van sy beste vriende
oppie sea vedrink
ek et altyd gewonne of dairie reason was
hoekom hy die heeltid dai hymn gesing et.
Ek et altyd gewonne of daa 'n reason was
hoekom hy soe baie gedrink et.

My ma onthou haa pa differently as ôs.
Hyt nooit gedrinkie.
Hytie hys skoongemaak.
Hyt kos gemaak.
Hytie kinnes se hare gevleg.

Die hys se vloere wat nou gecover is
in swatgetrapte vinyl tapyt
was ees houtvloere
wat soe ge-polish was
dat jy jou reflection daa in kan gesien et.
Die hys se miere was ees straight.
Ek wonne wat vekeed kan gegaan et.

(...)